

VISUELE KULTUURSTUDIES: VRAESTEL I

Tyd: 3 uur

100 punte

LEES DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n Kleurinsetsel van 3 bladsye (i – iii). Verwyder die Insetsel uit die middel van die vraestel en plaas dit langs die ooreenstemmende swart-en-wit afdrukke.
 2. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae in die vraestel genommer is.
 3. Lees elke vraag noukeurig deur voordat jy jou antwoord konstrueer.
 4. **BEANTWOORD AL 5 VRAE.**
 5. Verwys slegs in Vraag 1 na die gegewe visuele geletterdheid-afbeeldings.
 6. Gebruik duidelike sinne of paragrawe vir korter antwoorde. Gebruik goed-gestruktureerde paragrawe, elk oor 'n spesifieke besprekingspunt, vir opstelle.
 7. 'n Woordelys van geselekteerde woorde word ingesluit om jou begrip van sekere terme wat gebruik is, op te klaar.
 8. Geen punte sal toegeken word vir lyste feite of diagramme nie.
 9. Moenie dieselfde inligting in verskillende antwoorde herhaal nie. Geen punte sal toegeken word vir 'n bespreking van dieselfde kunstenaars, kunswerke, feite of argumente in meer as een vraag nie.
 10. Onderstreep die name van bewegings/werksmodusse, kunstenaars en titels van kunswerke, argitekte en geboue/ontwerpe.
 11. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
 12. Antwoorde moet voltooi word in die Antwoordboek wat voorsien word.
-

WOORDELYS

Gebruik die woordelys om jou begrip van spesifieke woorde te definieer en te verduidelik.

Kwelling:	marteling, moeilikheid, bekommernis, foltering, pyn, angs.
Alchemis:	'n persoon wat die vermoë het om 'n eenvoudige stof, gewoonlik van min waarde, in 'n stof van groot waarde te omskep.
Tierlantyntjies:	'n sieraad of versiering.
Eindproduk:	die uiteindelijke resultaat van 'n aktiwiteit of proses; die finale kunswerk in 'n kreatiewe proses; neweproduk.
Van verbygaande aard:	duur nie lank nie; tydelik.
Opgesmuk:	pronkerig, smaakloos, blink, oordadig.
Intuïtief:	gebaseer op wat iemand glo die waarheid is, selfs sonder doelbewuste nadenke; instinktief.

AFDELING A ASPEKTE WAT KUNS IN INTERNASIONALE KUNS AANSPREEK**VRAAG 1 VISUELE GELETTERDHEID**

Bestudeer **Afbeelding A en detail** en **Afbeelding B** deeglik, lees die teks en beantwoord dan die vrae wat volg.

Gebruik **Afbeeldings A en B SLEGS** vir Vraag 1.

**Afbeelding A en detail**

Tara Donovan

Ongetiteld

(2014)

Akriel en gom


306 cm × 432 cm × 393 cm

1



Die Amerikaanse kunstenaar Tara Donovan sê die volgende oor haar eie werk: "Skoonheid is inherent deel van die materiaal self, vorm volg daarop." Skulptureel wissel haar werk van klein kristalagtige groeiseltjies tot groot organiese landskappe met natuurlike vorms. Alhoewel haar werke organies is en aan die natuur herinner, is Donovan deeglik bewus daarvan dat sy nie die natuur naboots nie. Dis eerder 'n nabootsing van die natuur se groeibeginsels wat haar interesseer. Sy skep skulpturele voorwerpe van misterieuse skoonheid deur eenvoudige, alledaagse voorwerpe soos foelie, tandestokkies, strooitjies en knope te gebruik en daarmee te eksperimenteer. Donovan se werke word in die uitstalruimte saamgestel of versigtig aangepas om by die uitstalruimtes te pas waarin dit vorm aanneem. Tara Donovan sê: "Ek strewe daarna om 'n alchemis (sien woordelys) te wees en om die materiaal te transendeer."

1



Afbeelding B

Sol LeWitt
Muurtekening #328
 (1980)
 Materiale en grootte wissel

2



Afbeelding B

**Konstruksie-
 aansig van
Muurtekening
 #328**

Illustreer drie
 persone wat Sol
 LeWitt se opdragte
 uitvoer om
Muurtekening #328
 te voltooi

Sol LeWitt het in 1968 begin om sy muurtekeninge te skep. Dit bestaan slegs uit geskrewe instruksies en diagramme vir ander om uit te voer. LeWitt het sy instruksies met bladmusiek vergelyk, wat met elke uitvoering op 'n nuwe manier tot uiting kom. Dis moontlik vir LeWitt se muurtekeninge om telkens effens verskillende vorms aan te neem, afhangende van hoe sy instruksies uitgevoer word. Alhoewel die idee van die werk bewaar moet word, is die werk self dikwels van verbygaande aard (sien woordelys) en dit kan op meer as een plek op 'n gegewe tyd bestaan.

3

- 1.1 Beskryf Donovan se gebruik van kleur in Afbeelding A, en die visuele effek van kleur in die algehele komposisie van die beeldhouwerk. (2)
- 1.2 Donovan het nie haar kunswerk benoem nie. Dink jy dat 'n titel tot die interpretasie van die kunswerk sou bydra? Motiveer jou antwoord. (2)

In sy *Paragraphs on Conceptual Art* skryf Sol LeWitt:

'Kuns wat hoofsaaklik op die sensasie van visie gefokus is, sou perseptueel eerder as konseptueel wees. Dit sal die meeste optiese, kinetiese, lig- en kleurkuns insluit.'

'Nuwe materiale is een van die grootste kwellings (sien woordelys) van kontemporêre kuns. Sommige kunstenaars verwar nuwe materiaal met nuwe idees. Daar is niks ergers as om kuns te sien wat verswelg raak in opgesmukke tierlantyntjies nie' (sien woordelys).

2

- 1.3 Gebaseer op die uittreksel hierbo uit LeWitt se *Paragraphs on Conceptual Art*, voorspel hoe LeWitt op Donovan se werk sou reageer. (3)
- 1.4 Evalueer of LeWitt se instruksies aan ander om sy werk uit te voer, ruimte laat vir kreatiewe interpretasie. Motiveer jou antwoord deur bewyse uit Afbeelding B Konstruksie-aansig van *Muurtekening #328* en uit die teks te verskaf. (2)
- 1.5 As LeWitt se kunswerk deur 'n persoon gemaak word wat LeWitt se instruksies/voorskrifte volg, wie, na jou mening, behoort krediet te kry as die skepper van die kunswerk? Motiveer jou antwoord. (2)
- 1.6 Ontleed, deur die formele effekte (en nie die kontekstuele betekenis nie) in ag te neem, hoe die *lynelement* in sowel Afbeelding A as B gebruik is. Vergelyk en kontrasteer die *lyn*-effek in albei hierdie komposisies. (4)

[15]

VRAAG 2 OPSTEL**KONSEPTUELE EN INTERNASIONALE KONTEMPORÊRE KUNS EN ARGITEKTUUR**

Lees die onderstaande teks en skryf dan 'n opstel in reaksie daarop.

In 1976 het Sol LeWitt 'n dokument genaamd *Paragraphs on Conceptual Art* gepubliseer. Hy het geskryf:

'Nuwe materiale is een van die grootste kwellings (sien woordelys) van kontemporêre kuns. Sommige kunstenaars verwar nuwe materiaal met nuwe idees ... Volgens my lê die gevaar daarin om die gestalte van die materiale so belangrik te maak dat dit die idee van die werk word.'

2

Skryf 'n opstel van ongeveer 4 bladsye waarin jy die impak van medium op VIER kontemporêre kunswerke (deur verskillende kunstenaars en/of argitekte) evalueer om jou antwoord te motiveer. Evalueer of die fisieke aard van die materiaal die aandag afgetrek het van of belangriker geword het as die kunstenaar se konsep of idee. Kies die voorbeelde van Konseptuele kuns c. die 1970's en kontemporêre nie-tradisionele kuns.

Puntetoekenning vir Vraag 2	
4 Kunstenaars en/of argitekte	8 punte
4 Titels met kort beskrywings van werke	
Toepaslike feite	12 punte
Inhoud van argument	10 punte

[30]

VRAAG 3 KORTER OPSTEL/PARAGRAWE

Bestudeer die onderstaande teks.

In 1919, 'n paar jaar na die Eerste Wêreldoorlog, het die kunstenaar Tristan Tzara aangekondig dat kuns 'n operasie nodig het. Soos baie ander Dada-kunstenaars het hy gevoel dat kuns nie langer tradisionele neigings kon volg nie; dat dit pretensieus geword het. Hy het 'n voorstander geword van die idee dat kunstenaars 'n nuwe kunsorde soek.

Dit was moontlik stellings soos hierdie wat baie twintigste eeuse kunstenaars in staat gestel het om hul kreatiewe prosesse en eindprodukte te herdefinieer. Kunstenaars is die vryheid gebied om intuïtief te werk en om hul wêreld te interpreteer of daarop te reageer, eerder as om die werklikheid van die wêreld rondom hulle, gegrond op waarneming, uit te beeld.

4

Skryf ongeveer 1½ bladsye waarin jy:

- 3.1 TWEE kunswerke kies van TWEE relevante kunstenaars (van twee *verskillende* bewegings) wie se kunswerke 'n meer intuïtiewe (sien woordelys) benadering getoon het. Kies kunstenaars uit die volgende internasionale kunsbewegings:

Dada, Surrealisme, Popkuns, Abstrakte Ekspressionisme, Foto-realisme of Minimalisme.

Verskaf die naam van die kunstenaar, die titel van die kunswerk en 'n kort beskrywing vir elke kunswerk wat jy kies. (4)

- 3.2 Die intuïtiewe skeppingsprosesse wat in hul kunswerke aangewend word, beskryf. (6)

- 3.3 Vir albei gekose kunswerke, ontleed wat daartoe gelei het dat die kunstenaars wegbeweeg het van die uitbeelding van 'n werklikheid gegrond op waarneming en 'n meer intuïtiewe benadering gevolg het. (5)

[15]

60 punte

AFDELING B ASPEKTE WAT KUNS IN SUID-AFRIKAANSE KUNS AANSPREEK

VRAAG 4 PARAGRAWAWE

WEERSTANDSKUNS IN SUID-AFRIKA (1976 – 1994)

Bestudeer die afbeelding hieronder, lees die meegaande stelling en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.



Afbeelding C

Voorblad van MEDU-nuusbrief van c. 1979. MEDU het bestaan uit 'n groep uitgeweke digters, dramaturge, skilders, musikante, dansers en grafiese ontwerpers uit Suid-Afrika. Hulle het die kulturele vleuel van die African National Congress (ANC) in die anti-apartheidstryd gevorm.

5

Stelling: In plaas daarvan om op straat te protesteer, het baie Suid-Afrikaanse kunstenaars verkies om deur hul kuns uitdrukking aan hul ontevredenheid gedurende die jare van politieke onderdrukking onder die apartheidsregering te gee.

Kies TWEE relevante **Weerstandkunswerke** deur TWEE *verskillende* Suid-Afrikaanse kunstenaars wat hul kuns gedurende die apartheidsjare as 'n vorm van aktiewe protes gebruik het.

Skryf ongeveer 1½ – 2 bladsye en nommer jou paragrawe volgens die vrae hieronder.

- 4.1 Verskaf die naam van die kunstenaar en die titel van die kunswerk met 'n kort beskrywing vir elke kunswerk wat jy kies. (4)
 - 4.2 Deur na jou gekose voorbeelde te verwys, ontleed die maniere waarop proteskwessies aangespreek is deur die volgende: modus, medium, styl, titel, onderwerp en aanbieding. (12)
 - 4.3 Deur na jou gekose voorbeelde te verwys, evalueer die historiese belang van hierdie proteeskunswerke in 'n post-apartheid gemeenskap. (4)
- [20]

VRAAG 5 PARAGRAWAWE**POST-APARTHEID (POST-APRIL 1994) SUID-AFRIKAANSE KUNS****Afbeelding D**

Kendal Geers

Selfportret

(1995)

Gebreekte Heineken bottelnek

6

Oor **Selfportret**: Die gebreekte glasbottelnek van 'n Heineken-bierbottel (ingevoerde Hollandse bier) is 'n onkonvensionele selfportret van die kunstenaar wat fokus op die konsep eerder as die tradisionele eindproduk. Hy verbind sy Hollandse en Boere-oorsprong met die Hollandse bier – albei word na Suid-Afrika ingevoer. Die bottel, 'n perfekte ontwerp, is gevul met bier wat in Holland gebrou word, net soos sy Hollandse voorvaders hulle idees, waardes en moraal op hul nuut-gekoloniseerde land afgedwing het. Geers, wat teen sy gewelddadige pa sowel as sy wit Afrikaner-identiteit in opstand gekom het, sê dat sy portret 'n neweproduk van sy gebroke lewe is, wat die stereotipes van sy blanke Afrikanerwortels uitdaag.

6

Kies TWEE kontemporêre Suid-Afrikaanse kunstenaars wie se primêre oorweging die konsep eerder as die eindproduk (sien woordelys) is.

Skryf ongeveer 1½ – 2 bladsye en nommer jou paragrawe volgens die vrae hieronder.

- 5.1 Verskaf die naam van die kunstenaar en die titel van die kunswerk met 'n kort beskrywing vir elke kunswerk wat jy kies. (4)
- 5.2 Beskryf hoe die kunstenaar van elke gekose kunswerk voorkeur verleen het aan konseptuele oorwegings eerder as aan die eindproduk. (8)
- 5.3 Ontleed die boodskap of idee wat deur ALBEI jou gekose kunswerke gekommunikeer word. (4)
- 5.4 Besluit of jou gekose kunstenaars se belangstelling in konseptuele kuns, eerder as in die eindproduk, hulle in staat stel om deel van 'n groter internasionale kunssfeer te wees, eerder as om net op plaaslike Suid-Afrikaanse kunsgebied deel te neem. Motiveer jou antwoord. (4)

[20]**40 punte****Totaal: 100 punte**

Verwysings

- 1 Afbeelding A en detail: Tara Donovan,
Teks aangepas en vertaal uit Rebecca Bates en Kerry Ryan McFate. 2014. *Tara Donovan Shows Two Massive Installations In New York*. [AANLYN] Besikbaar by:
<<http://www.architecturaldigest.com/blogs/daily/2014/05/tara-donovan-pace-gallery-new-york>>
[Verkry 18 Maart 2015]
- 2 Teks en aanhalings vertaal uit Sarah Laperle. (2015).
Variations of a Drawing: Sol LeWitt and His Written Instructions.
Besikbaar:
<http://risdmuseum.org/manual/45_variations_of_a_drawing_sol_lewitt_and_his_written_instructions>
[Verkry 17 Maart 2015]
- 3 Afbeelding B en aanhalings en teks vir Vraag 1 en 2 aangepas, vertaal en verkry uit
Sol LeWitt, (1967) *Paragraphs on Conceptual Art*,
<http://www.tufts.edu/programs/mma/fah188/sol_lewitt/paragraphs%20on%20conceptual%20art.htm>
[Verkry 17 Maart 2015]
- 4 Aanhaling vir Vraag 3, vertaal
Tristan Tzara. 1919. Dada Slogans. [AANLYN] Besikbaar by:
<<http://www.nga.gov/exhibitions/2006/dada/slogans/index.shtm>>
[Verkry 18 Maart 2015]
- 5 Afbeelding C en teks aangepas en vertaal uit
Justseeds.org. 2010. JBbTC 38: Medu Art Ensemble Nuusbrief. [ONLINE] Besikbaar by:
<http://www.justseeds.org/blog/2010/12/judging_books_by_their_covers_37.html>
[Verkry 16 Maart 2015]
- 6 Afbeelding D en teks aangepas en vertaal uit Kim Gurney, (2003) *artthrob Archive: Issue No. 70*,
<http://www.artthrob.co.za/03june/reviews/michaelis_lecture2.html>
[Verkry 17 Maart 2015]